higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1370**(A)**(N30)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6

(21010066)

**30 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Toesighouding is 'n voorbeeld van 'n informele beheermaatreël.

1.1.2 Munisipale rade maak provinsiale ordonnansies.

1.1.3 Thuli Madonsela is die huidige openbare beskermer.

1.1.4 Die ouditeur-generaal het die mag om elke staatsrekening ('public account') te ouditeer.

1.1.5 Die departement van vervoer sorg dat die paaienetwerk goed onderhou en veilig is.

1.1.6 Verwysingsdokumente kan vir lang tydperke gehou word.

1.1.7 Munisipale regulasies ('By-laws') word in die parlement gemaak.

(7 × 2) (14)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Gebruik om produktiwiteit te meet | A | determinisme |
| 1.2.2 | Bestuurder volg die reëls | B | Thuli Madonsela |
| 1.2.3 | Konstruksie van openbare geboue | C | Busisiwe Mkhwebane |
| 1.2.4 | Bewys van werk wat gedoen of nie gedoen is nie | D | statistiese opgawes |
| 1.2.5 | Bestuurder het totale beheer en gesag | E | Staatskoerant ('Government Gazette') |
| 1.2.6 | Openbare Beskermer | F | konformisme ('conformism') |
| 1.2.7 | Amptelike medium om burgers in te lig | G | Openbare Werke |
| | | H | skriftelike verslae |

(7 × 2) (14)

1.3 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die (Openbare Beskermer/President) stel 'n kommissie van ondersoek aan.

1.3.2 Die minister wat verantwoordelik is vir Samewerkende Regering en Tradisionele Sake is (Des van Rooyen/Lindiwe Sisulu).

1.3.3 (Personeelvoorsiening/Organisering) is die aanstelling van die regte mense vir die pos.

1.3.4 Die (privaat bestuurder/openbare bestuurder) sorg dat noodsaaklike dienste aan die gemeenskap verskaf word.

1.3.5 (Die Mannekragkommissie/SASOL) is verbonde aan die departement van arbeid.

1.3.6 Die (premier/burgemeester) is die hoof van die plaaslike regering.

(6 × 2) (12)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Die parlement se ad hoc-komitee is aangestel om die bevoegdheid van die Suid-Afrikaanse uitsaaikorporasie te ondersoek.

2.1.1 Wie is die minister wat daarvoor verantwoordelik is om toesig oor die SAUK te hou? (2)

2.1.2 Wie stel die ad hoc-komitees aan? (2)

2.1.3 Die SAUK-raad is daarvan beskuldig dat hy nie bevoeg is om sy pligte uit te voer nie.

Verduidelik VIER instrumente wat gebruik word om werkers se prestasie ('performance') te meet. (4 × 2) (8)

2.1.4 Bespreek *aanspreeklikheid* ('accountability') deur die openbare media. (8)

2.2 Beskryf die verhouding tussen die *sentrale regering* en *munisipaliteite*. (10)

2.3 Bespreek die voordele daarvan om oor skriftelike prosedures en metodes te beskik. (10)
**[40]**

## VRAAG 3

3.1 Bespreek die hulpfunksie ('auxiliary function') onder die volgende opskrifte:

3.1.1 Transaksiedokumente (4)

3.1.2 Voorsiening van infrastruktuur en voorraad (6)

3.2 Bespreek meubels en toerusting as 'n instrumentele funksie ('instrumental function'). (8)

3.3 Gee DRIE redes vir die aanstelling van werkstudiebeamptes. (6)

3.4 Beskryf die faktore wat die hersiening van prosedures nodig maak. (10)

3.5 Verduidelik die belangrike aspekte van die beskermingsfunksie as 'n lynfunksie. (6)
**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Identifiseer die take van 'n openbare bestuurder ('public manager') wanneer hy die funksies moet bepaal en daarstel wat die department in staat sal stel sy doelwitte te bereik. (12)

4.2 Verduidelik die redes hoekom daar beheer uitgeoefen word oor uitvoerende instellings ('executive institutions'). (10)

4.3 Beskryf nasionale toesighouding oor die provinsiale administrasie. (10)

4.4 Verduidelik *aanspreeklikheid* ('accountability') deur geregshowe ('courts of justice'). (8)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5

5.1 Die Minister van Gesondheid, dr Aaron Motsoaledi, sê dat sy departement befondsing van R3 biljoen verkry het om gemeenskappe betrokke te kry by pogings om tienerswangerskappe te verminder en borsvoeding te bevorder. Hy sê dat groter pogings aangewend sal word om die sogenaamde blessers wat jong meisies misbruik, te beveg.

[Bron: *SABC news*]

5.1.1 Verduidelik gesondheidsdiens as 'n lynfunksie ('line function'). (6)

5.1.2 Minister Aaron Motsoaledi moes met buitelandse skenkerorganisasies en regeringsdepartemente onderhandel om die befondsing van R3 biljoen te verkry.

Bespreek onderhandeling as 'n instrumentele funksie ('instrumental function'). (6)

5.1.3 Verduidelik openbare bestuur ('public management') as 'n sewende bestuursfunksie. (6)

5.1.4 Bespreek SES persoonlike eienskappe waaroor Dr Aaron Motsoaledi, as bestuurder van sy departement, moet beskik. (12)

5.2 Verduidelik die proses wat tydens 'n intervensie deur die Limpopo provinsiale regering gevolg kan word wanneer die Vhembe-distriksmunisipaliteit nie sy konstitusionele funksies uitoefen nie. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou